## BYLAE B

### STATUTÊRE VEREISTES, REËLS EN VOORWAARDES VIR DIE KONTRAKTERING VAN VEILIGHEIDSDIENSTE

**Voortvloeiend van die Transversale Provinsiale Veiligheidspolisie (goedgekeur deur die Provinsiale Kabinet,** Resolusie 273/2005 **op 16 November 2005) is riglyne opgestel wat departemente kan help met die verkryging van privaat sekuriteitsdienste.**

Die diensverskaffer moet voldoen aan en hou by die volgende vereistes, reëls en voorwaardes. Die skool as die werkgewer moet verseker dat daaraan voldoen word.

### 1. VEREISTES

Om 'n veiligheidsdiens te lewer by [naam van skool]

1.1 Getal wagte benodig – soos per terrein
1.2 Graad vereis — Graad D
1.3 Diensure — 24-uur basis oor naweek en van 17:00 tot 07:00 deur die week om eiendom te beveilig;Om lewe en liggaam te beskerm, vanaf 07:00 tot die laaste persoon die skoolgrond verlaat.

<u>**Geen onopgeleide personeel sal op die perseel toegelaat word nie.**</u>

### 2. DOELWITTE

Om die veiligheid en sekuriteit van die skooleiendom, personeel en leerders te verseker

### 3. PROFIEL VAN DIE WAGTE

- Moet Suid-Afrikaanse burgers wees
- Moet geregistreer wees by PSIRA (Hierdie registrasie moet aan die skoolbestuurder of skoolveiligheidsbeampte voorgelê word)
- Moet in die taal van die gemeenskap waar diens verrig word, kan kommunikeer
- Moet fisies fiks wees
- Moet sterk genoeg wees om ongewenste persone fisies te verwyder
- Moet iemand wees wat die vereiste veiligheidsmaatreëls met die nodige gesag kan afdwing
- Moet respek afdwing

### 4. PLIGTE

Gedetailleerde aktiwiteite om uit te voer sal deur die skoolbestuur bekragtig word en sal die volgende insluit:

4.1 Waghou

- Beskerming van mense en eiendom teen skadelike optrede, deur woord of daad of ander partye
- Waaksame beskerming van die eiendom en personeel teen enige poging deur enige persoon/persone om die WKOD-perseel onwettig binne te kom.

4.2 Patrollering

- Proaktiewe observasie van die omgewing vir enige vorm van veiligheidsbedreiging of ander gevaar (veiligheidsgevaar wat die potensiaal het om skade te veroorsaak aan eiendom of aan mense). Volgehoue waaksaamheid en dissipline is van die grootste belang

- Patrollering en die handhawing van ‘n hoë sigbaarheid moet die gebied domineer

- Indien ‘n insident voorkom, moet die diensverskaffer binne 24 uur na die insident voorgekom het aan die skoolbestuurder of toegewysde persoon ‘n gedetailleerde geskrewe verslag oorhandig.

4.2.1 Doel van Patrollering

- Om seker te maak dat alle kwesbare punte dikwels besoek word om veiligheid te handhaaf teen indringing deur enige ongemagtigde persoon.
- Om die grensheining en beligting te kontroleer en om te verseker dat dit in werkende toestand is.
- Om te kontroleer dat alle buitedeure, vensters en hekke beveilig is elke keer wat die patrollie verbygaan. ‘n Fisiese inspeksie van elke punt is nodig
- Om te sorg dat al die sleutels wat aan die patrollie toevertrou is, veilig is.

4.2.2 Metode van Patrollering

- Die skool moet aan die wag duidelike en beknopte opdragte gee.
- ‘n Geskrewe verslag moet opgestel word van die wag se posisie van tyd tot tyd.

4.3 Take

- Dwing toegang af en kontrolleer uitgang
- Verwyder enige ongewenste persone van die perseel
- Beskerm personeel, besoekers, leerders en eiendom
- Reageer op alarms vanaf binnenshuise stelsel. Kontak die SAPD via die beheerkamer.
- Maak seker dat alles gesluit is na-ure
- Konfronteer alle verdagte persone op die perseel
- Getuig in ‘n hof of dissiplinêre verhoor in die geval dat ‘n persoon, leerder of personeellid gevang is vir enige kriminele aktiwiteit.

4.4 Dienshulp vir elke wag

- handboeie
- knuppel
- sakboekie
- pen
- ‘n duidelike identifikasiekaart van die maatskappy met die lid se foto, naam, ID-nommer, PSIRA-nommer daarop, wat te alle tye sigbaar gedra moet word deur die persoon
- flitslig in die nag (50 meter-afstand)
- tweerigtingradio, indien kontak met die beheerkamer nodig mag wees.
- gebeureboek

**5. WETLIKE REGTE, FUNKSIES EN VERPLIGTINGE**

Alle sekuriteitspersoneel moet bekend wees met hulle wetlike regte en verpligtinge ten opsigte van die wette hieronder genoem.

5.1 Die gedrag van Veiligheidsbeamptes soos per Wet 56 van 2001 van die Privaat Veiligheidsregulerende Gesag

**5.2 <u>Die Wet op die Beheer van Toegang tot Openbare Persele en Voertuie (Wet 53 van 1958) soos gewysig.</u>**

Die veilgheidspersoneel is gemagtig en mag toegang- en uitgangbeheer toepas en afdwing ingevolge artikels 2, 3 en 4 van hierdie wet.

**5.3 <u>Wet op Kriminele Prosedure 1997 (Wet 52/1997) soos gewysig: versekering op sy/haar eie koste</u>**

Die veiligheidswag mag sy/haar reg uitoefen ingevolge artikel 42 om enigiemand te arresteer wat ‘n misdryf begaan of bedink in sy/haar teenwoordigheid of wat hy/sy redelikerwys verdink van ‘n misdryf.

## 6. AANSPREEKLIKHEID

6.1 Die diensverskaffer is te eniger tyd verantwoordelik vir die handelinge en versuime.wat insluit maar nie beperk is nie tot sterfte, besering of aanval, of enige diens by ‘n skoolperseel.

6.2 die diensverskaffer moet openbare aanspreeklikheidsversekering op sy eie koste verkry ooreenkomstig die risiko waaraan die werknemer blootgestel is.

6.3 die versekering sal voorsiening maak vir plaasvervangende verliese waarvoor die diensverskaffer of sy personeel verantwoordelik mag wees.

6.4 Die diensverskaffer moet, met die aanvang van die ooreenkoms, bewys voorlê van die geldigheid van sy openbare aanspreeklikheidsversekeringspolis.

6.5 In die geval dat ‘n inbraak of vandalisme op die perseel voorkom tydens ‘n skof, sal die diensverskaffer aanspreeklik gehou word vir die koste van die skade of vir ‘n pro rata-aandeel van die koste om die beskadigde eiendom te vervang of te herstel.

## 7. ALGEMENE INLIGTING

7.1 Alle werk op die perseel moet gedoen word soos deur die skoolbestuur voorgeskryf is.

7.2 Die pos mag nie onbeman gelaat word tydens ‘n skof nie. Indien die veiligheidsbeampte die pos vir ‘n rede moet verlaat, bv. vir maaltye, moet die veilgheidsmaatskappy ‘n aflos-sekuriteitsbeampte vir daardie tyd verskaf.

7.3 Geen subkontraktering van ‘n aanstelling sal toegelaat word nie. Sodanige afwyking sal lei tot onmiddellike beëindiging van die kontrak.

7.4 Wanneer ‘n lewensbedreigende situasie ontwikkel, is dit die belangrikste taak van die veiligheidspersoneel om personeel/ kliënte/besoekers en die WKOD se (skool se) eiendom te beskerm.